# NUUSGENOOT

Moenie wonder nie, weet!

Nuusbrief van die ATKV | Mei 2022


# TAKKE NEEM VOORTOU

Die wintergordyn hang soos 'n jas vol roes oor die landskap. Oral hoor ek mense vertel hoe vroeg die winter dié jaar op ons voorstoepe beland het – en dat ons bitterlik koud gaan kry.

Maar ons kan positief ook bly: Die vroeër koms van die koue seisoen kan dalk net daarop dui dat die lente dalk ook vinniger sy verskyning gaan maak!

Die kouer weer het definitief nie ons takke koud gelaat nie, en vele projekte is aangepak om ieder en elk se harte warm te laat klop in ons gemeenskappe.

Die plattelandse dorpie Despatch in die Oos-Kaap het die voortou geneem en ons gewys hoe dit gedoen moet word – met sommer twee takke wat lekker bedrywig was.

ATKV-tak Sonneblom het 60 pare skoolskoene aan 'n plaaslike jeugsentrum geskenk en die ATKV-gesinstak Despatch se Fynskrif-kortverhaalkompetisie gaan iets wees wat voornemende skrywers se penne gaan besig hou.

Ons jeugtake staan egter nie terug nie – die ATKV-jeugtak Struisies van die Hoërskool Oudtshoorn se harte loop oor van omgee vir hul medemens. Hul jaarlikse besoek aan Huis Triomf, 'n kinderhuis vir seuns van 6 tot 18 jaar, het die inwoners se harte (en mae) laat oorloop met hul besoek en die tuisgemaakte sop en broodjies wat hulle saamgeneem het.

Die ATKV Colesberg-tak het ook onlangs die voorreg gehad om 'n paar van die dorp se senior inwoners te bederf. Naomi Lubbe, wat in Februarie as voorsitter van die tak aangewys is, vertel "Projek Pamperlang van Oumense in Ouetehuis" was werklikwaar 'n baie geslaagde uitreikaksie as deel van die #weesdieverskil-veldtog.

Dié is maar net enkele voorbeelde van geslaagde projekte van die ATKV wat in Mei-maand se uitgawe van *Nuusgenoot* verskyn!

*Geniet dit!*




## Speel en leer met bordspel!

Is idiome en hul betekenis vir jou Grieks? Wel, dan is Meer bek as binnegoed, die ATKV-jeugtak Prieska se interaktiewe bordspeletjie, 'n moet om op 'n prettige wyse jou idioomkennis op te skerp.

Dié tak van die Hoërskool Prieska het onder leiding van juf. Esmé du Toit twee jaar lank geswoeg en gesweet om 'n idiome-bordspeletjie te ontwikkel wat jonk en oud kan geniet.

"Kinders sukkel ongelooflik om idiome te onthou en ek het na 'n kreatiewe oplossing gesoek om kinders se idioomkennis uit te brei," vertel Esmé.

Lees meer hier.

Onthou om ook 'n draai te gaan maak op die ATKV se webwerf en/of sosialemediaplatforms.



# HOE PROE JOU TAAL?

ATKV

# SWIERIGE BAL VIER DIE PA-EN-DOGTER-BAND






Daar is iets spesiaals aan die verhouding tussen 'n pa en sy dogter en die Eduplus Onafhanklike Skool in Bloemfontein het onlangs dié spesiale band gevier.

Hulle het op 8 April 'n swierige pa-en-dogter-bal aangebied, waarvan die ATKV die grootste borg was.

"Die bal was nie net vir pa's en hul dogters van Eduplus nie, maar vir almal in Bloemfontein.

"Dit was ook 'n geleentheid waar dogtertjies wat nie pa's het nie deur 'n ander vaderfiguur na die bal geneem kon word," sê Louise Sevenster, een van die organiseerders van die bal.

Die bal word sedert 2013 aangebied vir dogtertjies tussen die ouderdom van vyf en 13 en vanjaar het ongeveer 250 pa's en dogters die geleentheid bygewoon.

Die kaartjies was reeds 'n week voor die tyd uitverkoop.

Klik hier vir meer.

# Skryf 'n kortverhaal en wen met ATKV-gesinstak Despatch

Kan daar 'n beter gevoel wees as geld in jou sak én om jou kortverhaal in 'n boek gepubliseer te sien?

Dit kan 'n werklikheid word as jy inskryf vir die ATKV-gesinstak Despatch se Fynskrif-kortverhaalkompetisie.

"Ons wil jongmense aanmoedig om hul talente te ontgin en ons wil 'n liefde vir Afrikaans by leerders kweek," sê Carol Reyneke, takvoorsitter.

Die kompetisie is oop vir laerskool- en hoërskoolleerders en daar is ook 'n afdeling vir mense van 18 - 25 jaar oud. Benewens die drie afdelings, is daar ook twee kategorieë: Afrikaans huistaal en Afrikaans tweede taal.

Laerskoolkinders se kortverhale moet tussen 500 en 1 000 woorde wees, hoërskoolleerders s'n tussen 1 500 en 3 000 woorde, en jong volwassenes se kortverhale moet tussen 3 000 en 5 000 woorde wees.

"Ons kry elke jaar kortverhale van baie hoë gehalte. Die kinders het 'n fantastiese verbeelding en dis lekker om te sien hoe baie hulle dit geniet om te skryf," sê Carol.

Die wenner in elke kategorie ontvang 'n kontantprys van R200 en elkeen se kortverhaal word in 'n boek gepubliseer wat by skole versprei sal word.

Inskrywings sluit 30 Julie.

Vir navrae, kontak Carol Reyneke by 082 854 5913.

# ATKV-tak Sonneblom maak 'n verskil in hul dorp!

In Despatch is daar nou sowat 60 kinders wat die komende winter nie kaalvoet hoef skool toe te gaan nie nadat die ATKV-tak Sonneblom skoolskoene aan 'n plaaslike jeugsentrum geskenk het.

"Ons wil as tak help waar ons kan.

"Dit is belangrik dat elke kind in ons gemeenskap met waardigheid skool toe kan gaan," sê Anette Becker, voormalige takvoorsitter.

Volgens Anette het hul verhouding met die Nkandla-jeugsentrum in die informele nedersetting Joe Slovo begin die dag toe al die verkeersligte in 'n besige straat in Despatch buite werking was.

"Een van ons lede het die oggend in die straat gery. Dit was chaos, maar daar was hierdie man wat uit sy eie besluit het om puntsman te wees en die verkeer te reguleer."

Die lid het die man genader en hy het gesê sy naam is Jabu Dube.

"Hy het uit sy eie en sonder om enigiets terug te verwag almal se dag vir hulle makliker gemaak.

"Ons het toe uitgevind hy is die bestuurder van die Nkandla-jeugsentrum en ons het besluit om vir hulle skoene, kos en lekkernye in te samel en te skenk."

Die tak het groot donasies uit die gemeenskap ontvang en die plaaslike Spar het ook skenkings gemaak.

"Dit was 'n reuse-sukses en ons kon 60 pare skoolskoene en kospakkies aan Jabu en sy sentrum skenk."

Die sentrum is 'n veilige hawe vir die kinders van Joe Slovo wat moet saamleef met alkoholisme en dwelmmisbruik.

Die kinders kry ook twee keer 'n dag maaltye by die sentrum.

Volgens Anette het die tak verdere planne om die jeugsentrum en die kinders te help.

"Daar is baie van hulle wat Afrikaans praat en die sentrum het 'n pragtige biblioteek. Ons gaan die biblioteek aanvul met Afrikaanse boeke vir die kinders.

"Hulle het ook 'n groentetuin en ons het met Seed2Harvest gereël om vir hulle pakkies met sade te skenk."

Die tak wil ook die speelparkie by die sentrum opknap.

"Die parkie is gehawend en ons wil dit graag verbeter sodat die kinders daar kan speel en nie in die strate wees nie.

"Dit is ons almal se taak om seker te maak dat elke kind se maag vol is en dat hulle 'n goeie opvoeding kry," sê Carol Reyneke, takvoorsitter.

Klik hier as jy wil betrokke raak of by 'n ATKV-tak wil aansluit.



## ATKV-jeugtak Struisies gee om vir kinderhuis

Die ATKV-jeugtak Struisies van die Hoërskool Oudtshoorn se harte loop oor van omgee vir hul medemens. Hulle wil graag 'n impak in die gemeenskap maak en woeker daarom met verskeie omgeeprojekte. Een daarvan is hul jaarlikse besoek aan Huis Triomf, 'n kinderhuis vir seuns van 6 tot 18 jaar.

Huis Triomf is voorheen deur die departement van maatskaplike ontwikkeling bestuur, maar is sedert verlede jaar in privaat eienaarskap. Die tehuis huisves 26 seuns.

Die Struisies gaan kuier elke jaar by dié tehuis en vanjaar gaan hulle in die winter daarheen en hulle gaan heerlike tuisgemaakte sop en broodjies saamneem, raak-rugby en ander speletjies speel, en Petra le Roux van die ATKV-gesinstak gaan 'n motiveringspraatjie lewer.

Desireé McCallum, voogopvoeder van die Struisies-tak, sê die seuns van Huis Triomf sien elke jaar geweldig uit na die besoek. "Die dankbaarheid word telkens gesien in die glimlagte en dankie sê agterna. Die aandag wat hulle kry en die interaksie met ons leerders beteken vir hulle baie."

Lees hier verder.

# Colesberg-tak pamperlang!



Navorsing het al herhaaldelik bevind dat 'n bedagsame daad vir iemand anders 'n mens gelukkiger maak en boonop hartgesondheid bevorder.

'n Klompie ATKV-lede van die Colesberg-tak het onlangs die voorreg gehad om 'n paar van die dorp se senior inwoners te bederf.

Naomi Lubbe, wat in Februarie as voorsitter van die ATKV-tak Colesberg aangewys is, vertel "Projek Pamperlang van Oumense in Ouetehuis" was werklikwaar 'n baie geslaagde uitreikaksie as deel van die #weesdieverskil-veldtog.

"Ons het 'n lekker aktiewe tak hier op Colesberg met tussen 35 en 40 lede."

Lees hier verder.

# ATKV-DIGITONEEL SE TOP-16 TOOR MET 2022-TEMAWOLK




Ná die suksesvolle vervaardiging verlede jaar van die ATKV se eerste realiteitsreeks vir televisie, *Gekies vir die Kollig*, het deelnemers aan ATKV-DigiToneel in 2022 weer die geleentheid gebruik om hul spel vir kamera te ontwikkel en moontlik hul buiging op TV te maak.

ATKV-DigiToneel is 'n voorloperplatform vir tieners om hul eie monoloë onder 'n temawolk te skryf en dan vir beoordeling te verfilm.

Vanjaar put ons inspirasie uit die getal 22. Dit is immers die jaar 2022 – 'n jaar waarin ons groot droom, maar steeds soepel sal moet wees in ons denke en avonture.

Moet egter nie dat die uitdagings wat ons steeds omsingel jou ambisie en potensiaal kniehalter nie. Al wat dit soms verg is 'n klein aanpassing hier en daar en siedaar, 'n loopbaan in die kreatiewe kunste is joune!

Dit was hierdie temas waarmee ons deelnemers vanjaar moes woeker om hul spel vir kamera te ontwikkel en hul skryftalent vlerke moes kry met die hulp van ons mentors.

Inskrywings het ingestroom en dit het kopkrap geverg om die top-16 aan te wys.

Mentors Schoemé Grobler, Mari Molefe van Heerden, Wilhelm van der Walt en Lea Vivier is dit eens: "Ons is verstom oor die gehalte van die werk".

Met ATKV-DigiToneel is daar geen kortpaaie deur byvoorbeeld bestaande werk af te stof en nuut aan te bied nie.

Die doel met DigiToneel is om nuwe werk te skep en dit vir kamera te verfilm.

JJ van Niekerk, projekorganiseerder van ATKV-DigiToneel, sê die groei in kwaliteit van vanjaar se inskrywings spoor die projek aan om in die kreatiewe vraag te probeer voldoen.

"My hart klop warm daaroor dat meer as 'n kwart van die inskrywings reeds in die eerste ronde goue toekennings behaal het.

"Maak nie saak watter temas ons vir hierdie tieners gooi nie, hulle skep kreatiewe karakters met interessante storielyne wat jou binne vyf minute boei."

Almal wat ingeskryf het, ontvang benewens hul toekennings vir prysenswaardige prestasie in die eerste ronde, ook persoonlike stemnotas van twee mentors op die paneel wat hulle kan gebruik om hul werk te verfyn.

Die top-16 skaaf nou aan hul inskrywings en word dan verder deur nog twee beoordelaars gementor op hul reis na die nasionale eindronde, wat in Oktober tydens die tweede seisoen van *Gekies vir die Kollig* op VIA (DStv-kanaal 147) uitgesaai sal word.

Lees hier verder vir die finaliste.


HOE PROE JOU TAAL?
ATKV

# GEE JOU KIND DIE VOORDEEL VAN WÊRELDKLAS-ONDERRIG!




Die wêreld lyk drasties anders as 30 jaar gelede … waarom lyk klaskamers en leermodelle dus steeds dieselfde? Ter beantwoording van hierdie vraag het die Trust vir Afrikaanse Onderwys (TAO) in 2019 Die MOS-Inisiatief bekendgestel. Dié inisiatief is tans besig om 'n netwerk van volhoubare, enkelmedium, en onafhanklike Afrikaanse skole te skep wat fokus op toekomsgerigte leermodelle.

Met die bekendstelling van hul aanlyn tuisskool, MOS-Wêreldwyd, is die MOS-model sedert Januarie 2021 ook wêreldwyd en geheel aanlyn beskikbaar.

Dit beteken dat Die MOS se toekomsgerigte benadering nou in elke Suid-Afrikaanse en selfs internasionale huishouding gevolg kan word.

As deel van Die MOS of MOS-Wêreldwyd word leerders voortdurend blootgestel aan die ses belangrikste en wêreldwyd aanvaarde bevoegdhede.

Hierdie vaardighede word internasionaal erken as kritiese denke, kreatiwiteit, kommunikasie, saamwerk, burgerskap, en karakterbou.

Die fokus is dus nie op 'n spesifieke uitkoms nie, maar om deur hierdie vaardighede voorbereid op en toegerus te wees vir 'n onsekere toekoms. Alhoewel Die MOS se benadering van ander skole verskil, skryf leerders steeds einde matriek die IEB-eksamen wat plaaslik en internasionaal by universiteite erken word.

As aanlyn tuisskool bied MOS-Wêreldwyd ook sekere unieke voordele vir jou kind sowel as die hele gesin. Hierdie aspekte sluit in:

**AANPASBAARHEID:**
Die MOS-model laat toe dat kinders wat sport- of ander aktiwiteite navolg, eweredig kan aandag gee aan beide hul akademiese en ander ambisies. Die dae dat klas vir aktiwiteite misgeloop moet word, is dus verby.

Hierdie voordeel word ook deur talle gesinne geniet wat nie geografies gebonde is aan 'n enkele stad of land nie.

**VERPERSOONLIKING:**
Anders as die tradisionele skoolmodel waar 'n leerder wat 'n sekere verduideliking of konsep nie verstaan nie en dan nie kan terug gaan nie, kan materiaal op die MOS-stelsel oor en oor besigtig word.

Dit help veral vir woelige kinders of leerders wat dalk met AGHS (ADHD) sukkel. Baie leerders is ook introverte wat verkies om nie in groot groepe skool te gaan nie.

**FREE LEARNING:**
Leerders het toegang tot leerbestuurders en vakkundiges indien hul sukkel, maar word aangemoedig om self by konsepte in te delf. Mits 'n leerder spesifieke belang in 'n sekere konsep toon, het hul ook die geleentheid om verder daaroor navorsing te doen.

Binne die tradisionele skoolmodel word konsepte gereeld as lysies afgerits sonder dat daar geleentheid is vir dieper interaksie. MOS-Wêreldwys se Ask Three Before You Ask Me-beginsel moedig ook leerders aan om by mekaar te leer voordat hul onmiddellik vakkundiges nader.

**TEGNOLOGIE:**
By MOS-Wêreldwyd word leerders touwys gemaak met praktiese rekenaar- en IT-vaardighede wat elke dag in die werkwêreld benodig word.

Neem hande met MOS-Wêreldwyd om toekomsgerigte aanlyn leer vir jou kind 'n realiteit te maak. Inskrywings is nou oop vir graad 4 tot 11.

Besoek https://www.moswereldwyd.co.za/ vir meer.



HOE PROE JOU TAAL?

ATKV



# 10 VRAE AAN 'N TAKVOORSITTER

**CLEMENCE THOMAS** is die afgelope vier jaar die voorsitter van die ATKV-tak Tehilah op Touwsrivier. Hy is in hierdie klein spoorwegdorpie in die Wes-Kaap gebore en getoë. Hy gee deesdae wetenskap en wiskunde by Touwsrivier Primêr en woeker ook om die taal en kultuur op sy dorp te bevorder.

**Waar kom jou liefde vir taal en kultuur vandaan?** Ek was nog altyd 'n kultuurmens. Selfs op skool was iets soos drama 'n veld waarin ek myself kon uitleef. Al is ons 'n klein dorpie, is hier baie kultuur en baie musikale talent. Ek is ook mal oor Afrikaans. Dit is in my DNS en ek glo ons moet onderrig in ons moedertaal bevorder.

**Wat inspireer jou?** Ek dink elke persoon op hierdie aarde het 'n bepaalde lewensdoel. God het talente en passies binne jou gedeponeer wat jy moet gebruik tot voordeel van ander. Kinders inspireer my. Hulle staan aan die begin van hul lewenspad. Ek kyk na die gemeenskap deur die oë van 'n kind. Miles Monroe het gesê: "Die empty". Doen alles in jou vermoë om 'n impak op ander se lewens te hê.

**Waaroor is jy passievol?** Mense is geweldig belangrik vir my. So ook kinders. Wat vir hulle belangrik is, is vir my belangrik.

**Wie was jou rolmodelle en hoekom?** Ek het talle rolmodelle al gehad; meeste van hulle was onderwysers. Een van hulle was Collin Wilson. Hy het 'n spesiale aanvoeling vir die gemeenskap gehad. Hy was 'n mondstuk vir die gemeenskap en het opgestaan teen diskriminasie. Hy was 'n wetenskaponderwyser en vandag is dit een van die vakke wat ek ook gee.

**Wat dryf jou as takvoorsitter?** Ek was nog altyd bewus van die ATKV, maar was nie heeltemal seker wat hulle doen nie. Toe ek een jaar 'n AJV by Goudini-Spa bywoon, het ek gedink hoe het ek al die jare nie in hierdie lekkerte gedeel nie? Ek dink dit is die samehorigheid van die ATKV en ons tak wat my dryf, en om 'n verskil in die gemeenskap te maak.

**Wat beteken "belê in jouself, belê in jou toekoms, #weesdieverskil" vir jou?** Die ATKV bied soveel geleenthede. Hulle skep so baie platforms waar die individu in homself, die gemeenskap en in 'n tak kan belê. Jy kan nie die wêreld se probleme oplos nie, maar jy kan poog om die probleme in jou gemeenskap aan te spreek.

**Wat is die uitdagings vir julle as tak op 'n klein dorpie soos Touwsrivier?** Touwsrivier gaan gebuk onder werkloosheid. Dit is 'n groot probleem en die pandemie het dit vererger. Dit het ook 'n direkte impak op die kinders, maar ons is dankbaar vir die voedingskemas wat kos in kinders se mage sit.

**Watter verskil sal julle graag in jul gemeenskap wil maak?** Ons het verlede jaar drie van ons skole gemobiliseer om mense in De Doorns wie se huise afgebrand het, te help. Ons het klere en komberse gegee. Dit is fantasties om te sien hoe die gemeenskap van Touwsrivier, wat self behoeftig is, ander gemeenskappe help. Ons wil nie net 'n verskil in ons eie gemeenskap maak nie, maar ook in naburige gemeenskappe.

**Op watter projekte is jy die trotste?** Ons gaan uit ons pad uit om skoolleerders te help. Ouers kan nie die kinders tuis help met hul huiswerk nie, hulle verstaan nie die skoolwerk nie. Ons bemagtig hulle deur in die aande wiskundeklasse vir die ouers aan te bied.

**Hoe sal jy jul tak in 'n paar woorde opsom?** Ons is 'n familie met 'n gemeenskaplike doel om 'n wesenlike verskil in mense se lewens en ons dorp te maak.

---

## Finaliste van Crescendo aangekondig

ATKV-Crescendo het die 12 finaliste aangekondig wat deurgaan na die laaste ronde van die ATKV-Crescendo-mentorskapprogram.

In samewerking met Expression Session is 22 deelnemers vroeër gekies om die mentorskapprogram, wat van 23 tot 27 Maart in die Paarl gehou is, by te woon.

Die week het uit uurlange sessies met kunstenaars en kenners soos Anna Davel, Melissa van der Spuy, Danie du Toit en Deon Meiring bestaan.

Tydens hierdie sessies moes deelnemers soms binne 'n uur 'n eie liedjie komponeer en uitvoer ter voorbereiding van die finale uitdaging, wat gaan wees om 'n liedjie tydens die afsluitkonsert te sing.



Lees meer hier.

## ATKV-tak Die Juweel vereer inwoner vir bydrae

Die ATKV-tak Die Juweel, op Graaff-Reinet, het onlangs erkenning gegee aan Corene Conradie, 'n inwoner van die dorp.

Sy het 'n geweldige impak gemaak tydens die waterkrisis wat dié dorp en die omliggende gemeenskap in 2019 ervaar het. Soveel só dat die hulpverleningsorganisasie Gift of the Givers vir haar 'n pos as Oos-Kaapse projekbestuurder vir dié organisasie aangebied het.

Die waterskaarste in dié deel van die land het in 2019 krisisafmetings aangeneem toe die dam wat die omgewing voorsien se vlak tot 1% gedaal het.

Vir menige gesin in en om Graaff-Reinet het dit beteken dat hulle drinkwater moes koop. Water uit die krane was besmet en ondrinkbaar.

Op 'n dag het 'n siek vrou voor Corene se kantoor inmekaargesak. Sy was te swak om weer op te staan.

Corene is tot aksie geroep toe die vrou vertel hulle het nie geld om drinkwater te koop nie en dat haar hele gesin diarree het omdat hulle slegs die kraanwater het om te drink.

Corene het 'n ambulans ontbied om die vrou hospitaal toe te neem, haar adres gekry en belowe om water na haar gesin te neem.

Lees meer hier.




HOE PROE JOU TAAL?

ATKV



# Spesiale aanbod aan ATKV-lede!






## 10%-herfsafslag

**op al ons familielandgoedwyne met gratis landwye aflewering vir ATKV-lede.**

**2020 Pinotage @R600**
Klassieke voorbeeld van ons ikoniese SA druifsoort

**2020 Cabernet/Malbec/Petit Verdot @R600**
Kompleks, elegant met swart- en rooibessiegeure.

**2020 Shiraz @R600**
Finesse met gekonsentreerde geure van donker vrugte en speserye

**2020 Shiraz Mourvedre Grenache @R480**
Klassieke drinkwyn, rooibessievruggeure

**2020 Chardonnay @R420**
Ongehout, vars en vrugtig

**2021 Grenache Rose @R420**
Droog, framboos- en aarbeigeure

*5 generasies van toegewyde passie!*

Pryse per kis van 6 bottels. Afslag moet nog bereken word.

Klik hier **om te bestel of stuur 'n e-pos na** sales@fraterfamilywines.co.za.

**Die Frater-familie maak al wyn op die historiese De Zoete Inval-plaas vir meer as 100 jaar.**
Die plaas is een van die oorspronklike Paarlse plase en die tuiste van die eerste Du Preez in Suid-Afrika. In 2018 het vyfde-generasie-wynmaker John Robert Frater sy nuwe premiumreeks FRATER FAMILY WINES bekendgestel.

*Moenie die kans misloop om dié uitstaande uitvoerwyne te bekom nie.*

FRATER FAMILY WINES

ATKV

# ATKV ONDERSTEUN WINTERFEES

Afrikaners is mos plesierig, en wie hou nou nie daarvan om aan pannekoek te smul of teaterproduksies by te woon nie?

Vir baie van ons is feeste soos die KKNK, Woordfees of Aardklop 'n hoogtepunt op ons kalenders, maar was jy al by die Kersiefees op Ficksburg of die Hantam Vleisfees?

Ons land het 'n groot verskeidenheid van streeksfeeste en een daarvan is die Newcastle Winterfees wat van 28 tot 30 April plaasgevind het.

Die ATKV was 'n trotse borg van die galery wat op die fees was, wat dan ook as die ATKV-galery bekendgestaan het.

"Daar is verskuilde talente en feeste op die platteland waarvan mense nie bewus is nie," sê Coenraad van Rensburg, ATKV-streeksbestuurder.

Lees meer hier.




NUUSGENOOT

**Die elektroniese nuusbrief van die ATKV word maandeliks aan 55 000 ATKV-lede gestuur.**

**Tariewe/uitgawe:**
1 X A4-advertensie: R3 000
1 x A5-advertensie: R1 500
1 x kwartbladadvertensie: R1 000

**Verskaf materiaal asseblief soos volg:**
- Hoë-resolusie PDF of JPG
- Alle advertensies moet in Afrikaans wees. (Vertaling van Engelse materiaal op versoek beskikbaar.)
- Verskaf materiaal op 15de van die maand van uitgawe.

**Tariewe sluit BTW en agentskapkomissie uit**
**Materiaal: JPEG of PDF**

## Verbreed jou reikwydte met Nuusgenoot!

Wil jy die ATKV se ledebasis bereik met jou besigheid en dienste? Wel, hier is jou kans om te adverteer!

Dié elektroniese nuusbrief word maandeliks aan 55 000 ATKV-lede gestuur en maak dit 'n ideale medium om jou besigheid te bemark. Sien regs vir tariewe en spesifikasies en kontak gerus vir Wendy Homann by WendyH@atkv.org.za vir meer inligting.



BEKOSTIGBARE BEGRAFNIS-DEKKING



NOU BESKIKBAAR
Vir alle ATKV-lede

**ENKELLIDPLANNE**
Kry dekking vir jouself met 'n enkellidplan
Begrafnisdekking tot* R30 000

**GESINSPLAN**
Dek jouself, jou gade en tot 5 kinders
Begrafnisdekking tot* R30 000

**HOEKOM IS BEGRAFNISDEKKING BELANGRIK?**
Deur bekostigbare begrafnisdekking te hê, sal jou gesin die fondse byderhand hê om die uitgawes verbonde aan 'n begrafnis in moeilike tye te dek. Boonop is die premie bekostigbaar en die uitbetaling redelik vinnig.

Skakel Credit Gateway by 012 881 0609
SMS "ATKV" na 48737
Stuur 'n WhatsApp-boodskap na 066 169 5781

AVBOB ONDERLINGE GENOOTSKAP
www.avbob.co.za
ATKV
CREDITGATEWAY

Credit Gateway (Pty) Ltd (Administrateur) is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste VDF - 49716.
AVBOB Mutual Assurance Society is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste VDF - 20656 en 'n gelisensieerde lewensversekeraar.
Standaard oproep, sms tariewe en terme en voorwaardes geld.